Geagte Ouers

INSKRYWING 2018: GRAAD 1 - 7

1. Dit is vir ons 'n voorreg om die Aansoekpakket, vir toelating tot ons skool, aan u beskikbaar te stel. Selekteer die Inskrywingspakket, druk al die betrokke dokumente (Toelatingsvorm, Debietordervorm, Finansiële onderneming, Visuele Siftingsvorm asook die Vertroulike Inligting omtrent u kind). Voltooi, teken en heg al die nodige dokumente aan, en bring dit na die inskrywingskantoor by die Laerskool. Toelating sal slegs oorweeg word, sodra alle betrokke dokumente voltooi, geteken en ontvang is.

2. Vir die eerste fase van inskrywings, moet die voltooide Aansoekpakket die inskrywingskantoor vanaf 6 Februarie 2017, maar nie later as 24 Maart 2017, bereik nie. Indien u kind deur ons skool aanvaar word, sal u voor / op 3 Junie 2017 skriftelik daarvan verwittig word. Alle aansoeke wat na 24 Maart 2017 ontvang word, sal op 'n waglys geplaas word. Slegs beskikbare plekke sal daarna gevul word.

3. As gevolg van die omvang van die skool se voedergemeenskap en uitbreidings binne hierdie area, kan die skool SLEGS leerders akkommodeer wat permanent binne hierdie voedergemeenskap woonagtig is. Sou u buite die skool se voedergemeenskap woon, sal u aansoek op 'n waglys geplaas word. Toelating is dan onderhewig aan 'n plek in die onderskeie klasse. Hierdie gebiede is **Kenridge, Durbell, Durbanville Heuwels (nie verder as Tindaleweg nie), De Bron, Doordekraal, Welgemoed-Noord, Proteavallei, Kanonberg, Welgedacht, Van Riebeeckshof en Oude Westhof**. Leerders wat op die waglys geplaas is, sal teen Vrydag, 30 Junie 2017 in kennis gestel word of hul aansoeke suksesvol was of nie.

4. **Finansiële Verpligting**:

4.1 **Skoolfooie (Skoolrekening):** Laerskool Kenridge is 'n fooi-betalende skool, met skoolgelde wat elke jaar deur die Skoolbeheerliggaam bepaal word. Tans (2017) beloop hierdie bedrag R 17 990,00 per kind per jaar en is betaalbaar aan die begin van elke jaar. 'n Vergunning deur die Skoolbeheerliggaam, maak voorsiening dat hierdie fooie oor 'n tydperk van tien maande deur middel van 'n debietorder gemaak kan word (1 Februarie - 1 November). Betaling van skoolfooie is verder onderhewig aan die Skoolfooi Insamelingsbeleid. Die skoolfooie vir 2018 sal op 'n Begrotingsvergadering, wat later vanjaar sal plaasvind, bepaal word.

4.2 **Keuse- en Kostevorm (Trustrekening):** Hierdie Keuse- en Kostevorm sal op Oriëntasiedag, aan ouers verskaf word. Die heffings vir die Keuse- en Kostevorm sal aan die einde van elke jaar hersien word. Ouers word verplig om alle heffings vooruit te betaal deur middel van die skool se debietorderstelsel. Indien die heffings verander, sal u debietorder dienooreenkomstig aangepas word. Ouers sal skriftelik in kennis gestel word van enige aanpassings.

5. Indien u aansoek suksesvol is:

Oriëntasiedag:	Graad 1:	Saterdag, 4 November 2017
	Graad 2 – 7:	Dinsdag, 16 Januarie 2018

Verdere inligting aangaande Oriëntasiedag en die voorbereiding vir die nuwe jaar, sal deel uitmaak van u aanvaardingsbrief. Skool begin op Woensdag, 17 Januarie 2018.

Ons vertrou dat u kind se leerervaring by Kenridge gelukkig en opvoedkundig stimulerend sal wees. Indien u enige sake aangaande u kind met ons wil bespreek, sal ons u met graagte ontvang.

Die uwe

S. R. Smith (Mev.)
Skoolhoof
Laerskool Kenridge